



Huiskerk 2020-03-22

## 1. VERWELKOMING

Goeie more aan elkeen van u! Vanmore lyk ons kerk-wees, ons erediens so bietjie anders, voel dit so bietjie vreemd.

Maar tog kan ons vanmore verseker wees dat ons tog saam is in God se teenwoordigheid want ons Heer het tog beloop: Waar 2 of 3 in My naam teenwoordig is, sal Ek self in hulle midde wees.

Mag ons paar minute van saam-wees, vir ons elkeen oomblikke in God se teenwoordigheid wees.

## 2. GEBED

Here,  
in ons hande lê die Bybel deur eeue van hand na hand aangegee;  
U Woord, oorvertel van geslag na geslag,  
van ouer na kind,  
tot dié een wat hier in ons hande lê.

Here,  
Dit is in dié Skrifte, in dié Woord dat ons na U soek,  
ons eie woorde is maar yl en skraal,  
en die baie woorde daar buite, raak nie regtig ons hart en bring nie die vrede en koers waarna ons verlang nie.

Daarom is ons gebed, Here: dat U ons nou sal hoor –  
as ons bid om u teenwoordigheid,  
om u nabyheid,  
om u oop Woord,  
om ons ontvanklike harte.

Maak ons daarvoor, stil. Amen.

(Gebed deur Jan Lubbe)

Dit is vandag 'n week vandat die president met ons gepraat het oor die Covid-19 virus, die impak wat dit op ons land en mense het; hoe ons dit gaan hanteer en maatreëls wat ingestel is.

- In hierdie week is ons van alle kante gebombardeer met inligting, syfers, statistieke en wat ons moet doen, nie mag doen nie;

- ons het gesien hoe markte val;
- mense wat vol paniek winkels leeg koop.
- Skole en universiteite is gesluit, byeenkomste afgestel.
- Ons voel dalk oorweldig, sommiges is bang, ander is geïrriteerd.
- Ons elkeen het vandag ons eie belewenis, maar een ding is seker: Dit wat in ons land gebeur raak elkeen van ons.

Daarom wil ek vra dat u vir 'n paar minute al die stemme wat aanspraak maak op u aandag, u tyd en 'n lewe sal wegskuif en saam met my sal luister na wat God in sy Woord vir ons wil sê.

Kom ons lees vanmore saam uit die Bybel, ons blaai na Jesaja 43.

#### Agtergrond:

- God se volk is in ballingskap,
- in 'n vreemde land,
- baie van hulle is slawe,
- hulle het niks,
- alles is weggevat.
- Hulle voel ver van alles wat bekend is en ook ver van God.
- Hulle wonder:
  - Het God ons vergeet?
  - Het God sy rug op ons gedraai?
  - Waar is God in al hierdie gebeure?

Kom ons lees:

### 3. SKRIFLESING: **Jesaja 43:1 – 5**

#### *Jy is Myne*

**43** Luister, so sê die Here wat jou geskep het, Jakob, wat jou gevorm het, Israel: Moenie bang wees nie, Ek verlos jou, Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne.

<sup>2</sup>As jy deur water moet gaan, is Ek by jou, deur riviere, hulle sal jou nie wegspoel nie; as jy deur vuur moet gaan, sal dit jou nie skroei nie, die vlamme sal jou nie brand nie, <sup>3</sup>want Ek is die Here jou God, die Heilige van Israel, jou Redder.

Ek gee Egipte as losprys vir jou, Kus en Seba in jou plek.

<sup>4</sup>Omdat jy vir My kosbaar is, omdat Ek jou hoog ag en jou liefhet, gee Ek mense in jou plek, volke in ruil vir jou lewe.

<sup>5</sup>Moenie bang wees nie, Ek is by jou.<sup>1</sup>

### 4. WOORDVERKONDIGING

---

<sup>1</sup> [Die Bybel Nuwe Vertaling](#). (1998). (electronic ed., Is 43:1–7). Cape Town, South Africa: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Te midde van alles wat ons beleef, in ons onsekerheid kom God ook vanmore tot ons, hier in Alberton-Suid, ook daar waar jy kyk of luister; Kom God en gee Hy ook hierdie woord vir ons, in ons omstandighede hier in 2020.

Ek wil vanmore in 'n paar sinne saam met u na hierdie gedeelte kyk:

Dit begin met God wat sê dat Hy ons geskep het.

- Die woord wat hier gebruik word beteken om iets nuut, iets onvergelykbaar te maak.
- Soos 'n pottebakker wat 'n unieke, eenmalige stuk werk doen.

Jy moet dit opnuut vanmore hoor:

- Jy is God se hande werk,
- uniek, spesiaal en een van 'n soort.
- God ken jou, weet van jou vrees, jou onsekerheid, jou unieke omstandighede.

Net so is elkeen in die wêreld, in ons land, wat deur hierdie virus geraak word, ook God se handewerk, is God se vinger afdrucke ook op elkeen van daardie mense.

Tweedens: En vir jou, in die chaos van jou wêreld, sê God vanmore:

- Moenie bang wees nie!
- Hoor jy dit: Moenie bang wees nie.

Hoekom nie? Dalk sukkel jy vanmore om hierdie woorde te glo, te aanvaar in jou lewe. God sê: Moenie bang wees nie, en wel vir die volgende redes:

- Want God sê: Ek het jou op jou naam geroep.
- Hoor jy: vir jou, op jou naam; nie net in die bondel, vaag of onpersoonlik nie.
- Nee, God sê Ek het jou op jou naam geroep.
- Ek ken jou, dit dui op 'n innige verhouding.
- En asof dit nie genoeg is nie, sê God verder: Jy is myne! Jy behoort aan God.
- God wil homself vanmore opnuut aan jou verbind, en wanneer Hy dit doen, wil Hy vir jou sekerheid en kalmte gee te midde van die chaos waarbinne ons onself bevind.

Asof dit nie al genoeg is nie, gaan God verder en sê Hy: Ek is by jou (vers 2).

- Dit beteken God betree ons wêreld,
- Hy verseker ons opnuut vanmore: Ek is hier, Ek is teenwoordig, Ek is saam met jou, Ek sal jou omvou.
- God is saam met jou in hierdie vreemde tyd, jy is nie alleen nie.
- God is daar saam met jou, 24 uur 'n dag, 7 dae 'n week.
- Net so is God saam met elkeen wat in isolasie moet wees, met elkeen in 'n hospitaal bed; elkeen wat wag op 'n uitslag van die toetse.

Maar dan moet ons baie mooi verstaan:

- God se beskerming beteken nie dat ons niks kan oorkom nie.

- Ons leef steeds in 'n gebroke wêreld, met siektes en virusse en skelms.
- Maar binne in dit sê God Hy is saam met ons.

God self sê in **Jesaja 43 vers 2** daar gaan waterstrome en storms in ons lewe wees; die vuur van beproewing en versoekings gaan rondom ons brand.

Nêrens in die Bybel word gesê dat ons as Christene, as gelowiges, anders as die nie-gelowiges in hierdie wêreld hanteer word nie. Ons leef in dieselfde wêreld, blootgestel aan dieselfde dinge, kry dieselfde siektes, word deur dieselfde goed bedreig.

Die lewe hier op aarde het 'n harde en wrede kant maar vir ons sê God: Ek is saam met julle in die storms en die vuur.

- Ek is saam met jou wanneer die nuus jou bang maak,
- wanneer die dinge van die lewe jou bedreig en ook seer maak.
- God is steeds saam met ons, self wanneer ons mag siek word,
- selfs wanneer die einde van ons lewe aanbreek, sal God steeds saam met ons wees.

God kan dit sê want ons lees in **vers 3** dat Hy ons liefhet, omdat ons vir Hom kosbaar is tree Hy op as ons lossers (voorbeeld Rut en Boas) en gee Hy vir ons uitkoms.

Jesaja gebruik 'n beeld uit die burgerlike reg wat sê God betaal die losprys; Hy koop ons vry van ons vyand – vry van die sonde en die dood wat ons wil gevange hou.

Hierdie beeld word vervul in die Nuwe Testament

- in en deur Jesus Christus, sy lewe, sy sterwe in ons plek, sy opstanding.
- Jesus belowe dat niks en niemand ons uit sy hand kan ruk nie.
- Nie die swaarkry of uitdagings van die lewe en ons dag nie.
- Selfs nie die virusse of self die dood nie.

Ons is veilig in God se hand, soms voel dit of die lewe ons omgooi, maar ons sal nie uitval nie. God se hand is sterker as enige iets wat ons mag beleef.

Ons weet nie wat die volle impak van Covid-19 gaan wees nie. Ons pleit by God om genade, maar daar kans is groot dat mense baie siek kan word en selfs sterf. Dit gaan waarskynlik vir 'n tyd net slegter word.

Jesus self sê vir ons in **Johannes 16:33** *Dit sê Ek vir julle, sodat julle vrede kan vind in My. In die wêreld sal julle dit moeilik hê; maar hou moed: Ek het die wêreld klaar oorwin.*

Wat ook al vir ons wag, hoe jou en my pad mag loop – hoor jy dat Jesus sê Hy het hierdie wêreld klaar oorwin;

en totdat en ek jy die oorwinnaarskroon uit Sy hand gaan ontvang, beloof Hy: Ek is saam met jou, ek is by jou, jy is vir my kosbaar en Ek sal jou nie laat los nie.

Moenie bang wees nie – Die Heidelbergse Kategismus sê so mooi: My enigste troos in lewe en in sterwe is dat ek aan die lewende God behoort.

Hy sal ons nie los nie. Hy het klaar die losprys vir ons betaal; ons is oorwinnaars saam met Hom.

Daarom moet ons as gelowiges anders wees in hierdie onbekende omstandighede.

- Ons moet God se lig van liefde en genade laat skyn oor elkeen wat ons pad mag kruis;
- Ons moet God se genade sigbaar maak in ons omgee, ons liefde, ons deernis, in ons omgang en ons sorg vir mekaar.

Ons is te midde van vreemde omstandighede en tye, maar ons God is saam met ons hierin. En dit is ons troos, ons hoop, ons sekerheid.

Gaan wees kerk soos God van jou vra. Amen.

## 5. GEBED

Die Here sal julle seën en julle beskerm;  
die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees;  
die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee! Amen.

## 6. OPROEP OM ONDERSTEUNING